# Woordsoorte

Naam:

**Lees die storie aandagtig deur.**

## Die avonture van Paulus van Gas



Kort voor sononder, een middag vroeg in September 1838, ry 'n jong seun te perd deur die poort van kommandant Koos Potgieter se walaer langs die Klein-Tugelarivier in Natal. Hy merk dadelik op dat daar groot fout is. Oral staan groepies grootmense en gesels. Die kinders staan agter die grootmense grootogig en luister.

Die seun klim van sy perd af en loop na die eerste groepie kinders. "Wat is hier aan die gang?" vra hy. 'n Meisiekind kyk hom aan asof hy 'n boontjie verloor het. Parmantig roep sy uit: "Paulus van Gas, jy is darem 'n stomme kluit! Wil jy vir my sê dat jy nog nie gehoor het nie!" "Ek was veld toe," keer Paulus verleë.

Die ander kinders staan ook nader. "Oom Koos het vanoggend op 'n trop leeus afgekom naby die laer." Paulus ril, want hy was in die veld en hy was nie baie waaksaam nie. Genade! Hy kon maklik 'n leeu se prooi geword het. "Waar is hulle nou?" vra hy. "Oom Koos en twee jagters is nou-nou net hier weg. Hulle gaan kyk of hulle die leeus kan verjaag. Oom Koos is bang dat die skape en beeste maklike prooi sal wees vir die leeus."

Paulus se pa roep hom: "Paulus, ry saam. Ons gaan gou kyk waar oom Koos-hulle nou is." Paulus spring opgewonde op sy perd. Sy eerste leeujag!

© e-classroom

**Selfstandige naamwoorde**
In die eerste paragraaf is daar baie selfstandige naamwoorde. **Dit is woorde wat die name van mense, diere of dinge is.**

- Lees die woorde hier onder en soek dit in die leesstuk. Onderstreep elkeen van die woorde in die leesstuk.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sononder | middag | September | seun | perd |
| poort | kommandant | Koos | Potgieter | walaer |
| Klein-Tugela | Natal | grootmense | groepies | kinders |

**Ons kan die selfstandige naamwoorde soos volg onderverdeel:**
a) **Eiename:** September, Koos, Potgieter, Klein-Tugelarivier, Natal

**Onthou:** *Alle eiename word altyd met ŉ hoofletter geskryf.*

b) **Soortname:** middag, seun, perd, poort, kommandant, walaer
c) **Versamelname:** Daar is twee sinne met ŉ voorbeeld van ŉ versamelnaam in die leesstuk. Soek die volgende sinne en onderstreep dan die versamelname.
Sin 1: Oral staan *groepies* grootmense en gesels.
Sin 2: Oom Koos het vanoggend op ŉ *trop* leeus afgekom.

*Onthou die volgende om jou te help om soortname uit te ken:*


a) Soortname is die name van telbare dinge: Daar is sewe **dae** in ŉ week. Daar is vyftien **seuns** in ons klas. Ons skool het tien **klasse**.
b) Omdat soortname telbaar is, kan soortname ook ŉ verkleinvorm en ŉ meervoud hê: een **seun**, een **seuntjie**, baie **seuns**.

**Let op:** Daar is heelwat selfstandige naamwoorde wat nie ŉ enkelvoud of meervoud het nie, bv. sand, water, goud, silwer, meel, konfyt en sout. Hierdie woorde word ***massaname*** genoem.



# Oefening 1

**Lees die volgende sinne en plaas dan die selfstandige naamwoorde in elke sin in die kolomme soos aangedui onder die sinne.**



1. Die groot troppe bobbejane en die yslike swerm spreeus skep vir die boere baie probleme.
2. ŉ Span rugbyspelers en ŉ groep gimnaste gaan ons skool binnekort besoek.
3. Danie en Chris woon in die Oos-Kaap, op die plaas Koffiefontein.
4. ŉ Groot swerm bye was tussen die plaat blomme in die veld te sien.
5. Mnr. Viljoen en sy gesin gaan Durban toe hierdie vakansie.

| Eiename | Soortname | Versamelname |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

# Oefening 2

**In die linkerkantste kolom hier onder is ŉ reeks versamelname en aan die regterkant is soortname wat by die versamelname pas. Skommel die woorde reg en gebruik hul dan in goeie sinne.**

| Versamelname | | | Soortname | | |
|---|---|---|---|---|---|
| swerm | werpsel | skool | visse | blomme | hondjies |
| bundel | rits | plaat | bye | gedigte | misdadigers |
| bende | tros | hoop | druiwe | sand | verskonings |

| Antwoorde: | |
|---|---|
| 1. swerm | |
| 2. werpsel | |
| 3. skool | |
| 4. bundel | |
| 5. bende | |
| 6. rits | |
| 7. plaat | |
| 8. hoop | |
| 9. tros | |

**Sinne:**

1. ______________________________

2. ______________________________

3. ______________________________

4. ______________________________

5. ______________________________

6. ______________________________

7. ______________________________

8. ______________________________